Beskrywingspunt: ‘n Evaluering van die huidige bestuurmodel wat deur die Noordelike sinode gebruik word.

Die sinode besluit om ‘n taakspan aan te wys wat die huidige bestuursmodel sal evalueer deur die volgende in ag te neem,:

- is daar ‘n behoefte aan permanente taakspanne wat leiding kan gee met die bedieningsprioriteite soos deur die sinode besluit is

- is die huidige gebruik om dieselfde ringsafgevaardigdes vir vier agtereenvolgende jare na die SDR te stuur nog volhoubaar

- help die bestuursmodel gemeentes in hulle bediening met tegnologiese uitdagings

- is die model vloeibaar genoeg om aanpassings te kan maak indien daar ‘n nood behoefte soos , Covid 19 ontstaan

- Maak die model genoeg voorsiening vir die ontwikkeling van leierskap

- Watter bestuurspraktyke uit die sekulêre wêreld kan die sinode en gemeentes van kennis neem en indien nodig implementeer

Motivering

- Waar verandering die enigste sekerheid is moet die bestuursmodel van enige organisasie gereeld ge-evalueer en indien nodig aangepas word.
- Die omstandighede waarbinne gemeentes funksioneer vra dat ons herbesin oor ons ekklessiologiese verstaan van kerkwees waar mense digitaal eredienste bywoon
- Die bestaande druk op die instandhoudings, bywonings (brandstof) en elektrisiteits kostes van die gemeentes
- Alternatiewe bediening wat moontlik is met tegnologie, soos *streaming, zoom* en ander

Indien die beskrywingsput goedgekeur word kan die sinode dit oorweeg om ‘n 8 persoon taakspan saam te stel wat bestaan uit 6 predikante onder die ouderdom van 40 met 2 lede wat ‘n historiese geheue het met die verhaal van die sinode

Voorsteller: Dr Willem Pretorius (Kameeldrif)